


# 7. Is Die Dode Regtig Dood?

Die toestand van die dode is 'n onderwerp waaroor daar baie groot misverstande is vandag. Vir baie is dit 'n raaisel en lei dit tot 'n gevoel van vrees, onsekerheid, en selfs hopeloosheid. Ander glo dat hulle ontslape geliefdes nie regtig dood is nie, maar by hulle of êrens anders voortleef! Andere is verward omtrent die verwantskap tussen liggaam, gees en siel.

Maar maak dit regtig saak wat ons glo? Ja .... Absoluut, want wat jy glo omtrent die dode gaan 'n diepgaande invloed hê oor wat met jou gaan gebeur in die tyd van die einde. Daar is nie plek of tyd om hieroor te gis nie, so met hierdie studie probeer ek uitlig presies wat God oor hierdie onderwerp te sê het.



## 1. Hoe het ons hier (op aarde) beland in die eerste plek?



"En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewendende siel geword." **Genesis 2:7.**

### Antwoord:

**ASEM** - 05397 n@shamah {nesh-aw-maw'}

- 1) asem, gees                      1a) asem (van God)
- 1b) asem (van mens)          1c) alles wat asem haal
- 1d) gees (van mens)

**SIEL** - 05315 nephesh {neh'-fesh}

siel, lewe, persoon, gemoed, wesens, lyk, homself, julle self, dooie, begeerte, mens, hulle self, eetlus.

- 1) siel, self, lewe, persoon, begeerte, gees, lewendende wese, emosie, hartstog
- 1a) dit wat asem skep, die asemhalende kern of wese, siel, die binneste wese van mens
- 1b) lewendende wese
- 1c) lewendende wese (met lewe in die bloed)
- 1d) die mens self, self, persoon of individu
- 1e) setel van die begeertes
- 1f) setel van emosies en hartstogte
- 1g) aktiwiteit van die gemoed
- 1h) aktiwiteit van die wilskrag
- 1i) aktiwiteit van die karakter



## 2. Wat gebeur as 'n persoon sterf?

"en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het." **Prediker 12:7.**  
 "...Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer." **Genesis 3:19**

**Antwoord:** Die liggaam keer terug tot stof, en die gees keer terug na God, wat dit gegee het. Die gees van elke persoon wat sterf, gered of verlore, keer terug na God.



### 3. Wat is die "gees" wat na God terugkeer na die dood?



"Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood." **Jakobus 2:26.**  
"want my asem is nog heeltemal in my, en die lewensasem van God is in my neus."  
**Job 27:3.**

**Antwoord:** Die gees wat na God terugkeer met die dood is die lewensasem. Nêrens in die hele Bybel het die gees enige lewe, wysheid of gevoel nadat 'n persoon sterf nie. Dit is net die asem wat lewe gee (lewensasem) en niks meer nie.  
"lewensasem" = ruwach = "gees"


### 4. Wat is 'n "siel"?

"En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende **siel geword.**" **Genesis 2:7.**

**Antwoord:** 'n Siel is 'n lewende wese. 'n Siel is altyd 'n kombinasie van twee dinge: Liggaam plus asem(gees). 'n Siel kan nie bestaan tensy liggaam en asem gekombineer word. God se woord leer dat ons siele is. In die foto regs is 4 siele.



### 5. Kan siele sterf?



"Die siel wat sondig, dié moet sterwe." **Esegiël 18:20.** "en al die lewende wesens in die see het gesterwe."  
**Openbaring 16:3.**

**Antwoord:** Volgens God se Woord sterf siele! Ons is siele en ons sterf. Die mens is sterflik (**Job 4:17, Romeine 6:12, 8:11, 2Korinthiërs 4:11, Jakobus 4:14, Job 7:7, Psalm 78:39, Lukas 13:2-3, Johannes 3:16**). Net God is onsterflik (**1 Timotheus 6:15, 16**). Die konsep van 'n onsterflike siel is lynreg teen die Bybel wat leer dat siele sterf.

### 6. Gaan goeie mense hemel toe as hulle sterf?

"Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor, en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." **Johannes 5:28, 29.** "Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe." "Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie." **Handelinge 2:29, 34.** "As ek hoop op die doderyk (Graf) as my huis;" **Job 17:13-16.**

**Antwoord:** Nee, mense gaan nie hemel of hel toe nie. Hulle gaan na hulle graf en wag op die opstandingsdag.



### 7. Hoeveel weet of verstaan 'n mens na die dood?



"Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie." "want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie." **Prediker 9:5, 6, 10.** "Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die HERE nie loof nie." **Psalm 115:17.**

**Antwoord:** God sê dat die dode absoluut niks weet nie!

### 8. Maar kan die dooies met die lewendes kommunikeer, en is hulle bewus van wat die lewendes doen?

"Maar 'n man sterwe en is magteloos; ja, 'n mens blaas die asem uit en--waar is hy." **Job 14:10** (Maar die mens sterf en verdwyn, hy blaas sy laaste asem uit, en waar is hy?) [1983]

"so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie." "Sy kinders kom in eer, maar hy word dit nie gewaar nie; en hulle word gering, maar hy let nie op hulle nie." **Job 14:10, 12, 21.** "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie." **Prediker 9:6.**

"Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. **Psalm 146:4.** "Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?" **Psalm 6:6**

"Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die HERE nie loof nie;" **Psa 115:17** "Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal sal op U trou nie hoop nie." **Jesaja 38:18** "Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie." **Prediker 9:10**

"Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle almal het dieselfde asem, en 'n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie; want alles is tevergeefs."

**Prediker 3:19**

**Antwoord:** Nee, die dooies kan nie die lewendes kontak nie, nog minder weet hulle wat die lewendes doen. Hulle is dood.

### 9. Is God die God van die lewendes of die dooies



"Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes.

**Mat. 22:32**

God is nie 'n God van dooies nie, maar 'n God van lewendes. Julle dwaal dus grootliks. **Markus 12:27**

Hy is tog nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes, want almal leef vir Hom. **Lukas 20:38**

**Antwoord:** God is die God van die lewendes en nie die dooies nie. Osiris word die god van die dooies genoem.

### 10. Wat is die Bybel se voorskrifte i.v.m. die aanbidding of raadpleging van die dooies"

Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan--wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit.

**Deut. 18:10 - 12**

**Antwoord:** Hierdie dinge word ten sterkste verbied.



Sunday Times  
March 28 1999 **5**

# NEWS

## Bringing ancestors to Mass

Priests say they are tired of being black sheep of clerical family and want African rituals included in services

**PHYLICIA OPPELT**

**T**he Roman Catholic Church in South Africa is facing a rift after black priests openly accused it of racism and obliging racism to becoming ubiquitous. The priests want to see the inclusion of African rituals in church ceremonies and claim that white priests get preferential treatment.

The group of 25 priests, who formed the African Catholic Priests Solidarity Movement a month ago, have sent a 12-page memorandum to the Southern Africa Bishops Conference — the church's highest authority in South Africa.

The priests also claim that the conference is still dominated by white and coloured members while neglecting Catholic churchgoers who are black.

They want more black clergymen to be elected to the conference. Of the 18 South African bishops who are members of the conference, eight are black, five are coloured and five are white.

Father Dennis Mphahlele, a spokesman for the movement, said their memorandum should be regarded as words of caution.

The church, he said, was in danger of abandoning its biggest membership group.

The Catholic church does not engage in the apartheid of black members. There has been significant political transformation in South Africa and the church should be part of that change. We should be helping to heal the wounds left by colonialism and apartheid.

He accused the conference of not doing any work to help the poor.

Roman Catholic Church in South Africa has not made a clean break with the past, with its collusion with apartheid in its day-to-day life and in its pastoral practice.

Mphahlele accused the church of discriminating financially against black priests.

"They (white priests) are given a free hand in spending money. We don't have money to spend, we are constantly begging from our bishops for money to buy a decent car and food. That economic inequality has to end," Mphahlele said.

But Father Louis Hooper, media official for the conference, defended the church, saying it had already done a lot in South Africa.

"We have established houses such as houses in the church, but like any aspect of society it will exist. The church is not exempt."

Mphahlele said the re-establishment of the movement had come as a surprise since there had been no hint of the grievance.

He criticised the priests for going to the press before the conference had had a chance to respond to the memorandum, which was likely to be discussed at its May executive meeting.

"While I think important issues were raised, I believe the priests have been premature in discussing this to the media."

Durban's Archbishop Willem Napier declined to comment on the memorandum until he had spoken to the movement's sponsors.

He said the movement had not consulted widely with black priests and he felt that it did not represent the feelings of all black Catholic clergymen.

But he agreed that, compared with other African countries, South Africa has not made a clean break with the past.

They (white priests) are given a free hand in spending money. We don't have money to spend, we are constantly begging from our bishops for money to buy a decent car and food. That economic inequality has to end," Mphahlele said.

But Father Louis Hooper, media official for the conference, defended the church, saying it had already done a lot in South Africa.

"We have established houses such as houses in the church, but like any aspect of society it will exist. The church is not exempt."

Mphahlele said the re-establishment of the movement had come as a surprise since there had been no hint of the grievance.

He criticised the priests for going to the press before the conference had had a chance to respond to the memorandum, which was likely to be discussed at its May executive meeting.

"While I think important issues were raised, I believe the priests have been premature in discussing this to the media."

Durban's Archbishop Willem Napier declined to comment on the memorandum until he had spoken to the movement's sponsors.

He said the movement had not consulted widely with black priests and he felt that it did not represent the feelings of all black Catholic clergymen.

But he agreed that, compared with other African countries, South Africa has not made a clean break with the past.

### Home Affairs boss probed over basketball team

**MOLIKAZI WA AFRIKA**

**C**ONTROVERSIAL Home Affairs Director-General Albert Mokone was in Belgium this week as a probe into his conduct started.

The Minister of Home Affairs, Maheswari Duttaraj, confirmed he had asked the Minister of Public Service and Administration, Zola Skweyiya, to initiate a departmental inquiry into Mokone. This follows a Sunday Times investigation which revealed that Mokone was running a basketball team, Maseru Bulls, from his Pretoria office in contravention of the Public Service Act and that:


- As Home Affairs director-general he dealt with local work permit applications for foreign players whom he recruited for the Bulls.
- He signed a R250 000 sponsorship for the Bulls from Iron Cook, a computer company, while they had a three-year contract with Home Affairs. Cash returned his expenses; and
- He received a R250 000 sponsorship from Maseru, another computer company.

Three weeks ago the Public Protector launched an investigation into the Home Affairs office in Harrison Street, Johannesburg, after the Sunday Times exposed a fake ID racket that was being run from the office.

And this week they launched another investigation to probe Mokone's basketball activities.

Buthler said: "I am at the present moment quite satisfied with this step. When I receive a report about that inquiry I will decide what next to do."

He confirmed he had authorized Mokone's trip to Belgium this week. "Mokone is overseas at present on official duty. He will be in the country next week."



### 11. Wat noem Jesus die toestand van die dode?



"Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die **ontslapenes** nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie."  
**1Thessalonicense 4:13.**

"Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: Lasarus, ons vriend, **slaap**; maar Ek gaan om hom wakker te maak. Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. En toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is dood..  
**Johannes 11:11-14.**

"Jesus sê vir haar: Jou broer sal opstaan. Martha antwoord Hom: Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag."  
**Johannes 11:23, 24**

Jesus sê: Neem die steen weg. Martha, die suster van die oorledene, sê vir Hom: Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood.  
**Johannes 11:39**

**Antwoord:** Jesus noem die dood "slaap." Dit is 'n toestand van totale bewusteloosheid.

### 12. Jesus noem die bewustelose staat van die dood slaap. Hoe lank sal hulle slaap?

"so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie.." **Job 14:12.** " Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand."**2 Petrus 3:10.**



**Antwoord:** Die dooies sal slaap totdat die hemele nie meer is nie aan die einde van die wêreld. In die dood is die mens totaal bewusteloos met geen aktiwiteit of kennis.

### 13. Wat gebeur met Jesus se wederkoms met dié wat hom aangeneem het en reeds gesterf het?



"En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." **Openbaring 22:12.** " Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.."

**1 Thessalonicense 4:16, 17.** "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.." **1 Korintiërs 15:51-53.**

**Antwoord:** Hulle word beloon. Hulle word opgewek, ontvang onsterflike liggame, en word weggevoer in die lug, Jesus tegemoet. Daar sou geen doel vir hierdie opwekking van die dooies wees as mense met die dood hemel toe gaan nie.

### 14. Wat was die duiwel se eerste leun?

"Toe sê die **slang** vir die vrou: Julle sal gewis **nie sterwe nie;**" **Genesis 3:4.** "die ou **slang** wat genoem word **duiwel en Satan**" **Openbaring 12:9.**

**Antwoord:** Satan het vertel dat sonde nie dood bring nie. "Julle sal gewis nie sterwe nie;" het hy gesê.



### 15. Hoekom het die duiwel oor die dood 'n leun vertel? Kan hierdie onderwerp miskien meer belangrik wees as wat baie dink?



**Antwoord:** Dit is een van die hoekstene van die duiwel se koningryk. Hy het magtige wonderwerke deur die eeue verrig deur mense wat daarop aanspraak maak dat hulle hulle krag van die geeste van dooies kry. (Voorbeelde: Towenaars in Egipte-**Exodus 7:11**; Vroue van Endor -**1 Samuel 28:3-25**; Towenaars-**Daniël 2:2**; 'n sekere slavin-**Handelinge 16:16-18.**)

#### 'n Plegtige (ernstige) Waarskuwing

Aan die einde van tyd gaan die satan weer towery gebruik, soos hy dit in Daniël se tyd gedoen het, om die wêreld te verlei. (**Openbaring 18:23**). Towery is 'n bonatuurlike agentskap wat roem dat dit krag en wysheid ontvang van gestorwe geeste.

Vermom as gelowige geliefdes wat dood is, Bybelse profete, of selfs apostels of dissipels van Jesus (**2 Korintiërs 1:13**), gaan satan en sy engele biljoene mense verlei. Diegene wat glo dat die dooies lewe, in enige vorm, gaan beslis verlei/mislei word.

## 16. Kan duiwels regtig wonderwerke doen?

"Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen." **Openbaring 16:14**. "Want daar sal valse christusse en valse profete ontstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei." **Mattheus 24:24**.

**Antwoord:** Ja beslis! Duiwels doen verbasende oortuigende wonderwerke (**Openbaring 13:13, 14**). Satan en sy engele verskyn as engele van die lig (**2 Korintiërs 11:14**) en selfs meer skokkend, as Christus self (**Mattheus 24:23, 24**). Dit sal lyk of Christus en sy engele 'n wêreldwye herlewing lei. Dit sal so geestelik en bonatuurlik lyk, dat net God se uitverkorenes nie verlei sal word nie.



## 17. Hoekom sal God se kinders nie verlei word nie?



"hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was." **Handelinge 17:11**. "As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie." **Jesaja 8:20**.

**Antwoord:** God se kinders sal weet, deur 'n ernstige studie van die Bybel, dat die dooies dood is. Geeste van die dooies bestaan nie. Daarom sal God se kinders alle profete en leraars verwerp wat aanspraak maak dat hulle spesiale lig ontvang deur kontak te maak met geeste van afgestorwenes. God se kinders sal ook leerstellings wat aanspraak maak dat die dooies enigsins iets weet terwyl hulle dood is, verwerp as vals en gevaarlik.

## 18. Wat was God se voorskrifte in Moses se tyd? Wat moes gedoen word met mense wat ander geleer het dat die dooies nog lewe?

"En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word. Hulle moet gestenig word." **Levitikus 20:27**.

**Antwoord:** God het beveel dat sulke mense (wat aanspraak maak daarop dat hulle die geeste van dooies kan kontak) gestenig moet word. Dit wys God se houding teenoor die vals leerstellings dat die dooies enigiets weet na die dood.



## 19. Sal die regverdiges wat opgewek word ooit weer sterf?



"maar die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit die dode te verkry, ... Want hulle kan ook nie meer sterwe nie." **Lukas 20:35, 36**. "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." **Openbaring 21:4**.

**Antwoord:** Nee! Dood, droefheid, geweene en moeite sal nooit in God se nuwe koninkryk ingaan nie.

## 20. Die idee van Re-inkarnasie groei vreeslik vandag. Is hierdie leerstelling Bybels?

"Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie." **Prediker 9:5, 6**.

**Antwoord:** Omtrent die helfte van die bewoners van die aarde glo in re-inkarnasie vandag. 'n Teorie wat leer dat die siel nooit sterf nie, maar wat aanhoudend weer gebore word in 'n verskillende tipe



liggaam. Hierdie leerstellings is ook lynreg teen die skrif.

Die Bybel sê:

Na die dood keer ons terug na stof (**Psalm 104:29**), ons weet niks (**Prediker 9:5**), ons het geen intellektuele kragte nie (**Psalm 146:4**), ons het niks te doen met iets op aarde nie (**Prediker 9:6**), ons lewe nie (**2 Konings 20:1**), ons wag in die graf (**Job 17:13**).

### Satan se Uitnodiging

Ons het in die vrae hierbo gesien dat satan die idêe begin het dat die dooies lewe. Re-inkarnasie, "channeling", kommunikasie met geeste, die aanbidding van geeste en die "onsterfbare siel" is almal sy uitvindings, met een doel – om mense te oortuig dat as hulle sterf, hulle nie regtig dood is nie. Wanneer mense glo dat die dooies nie regtig dood is nie, dan sal geeste van duiwels, wat wonderwerke doen " (**Openbaring 16:14**) en geeste wat hulle voorgee as geeste van dooies dit reg kry om hulle te verlei so te sê 100% van die tyd (**Mattheus 24:24**).

### 21. Het Jesus nie die dief aan die kruis belowe hy sou dieselfde dag nog saam met Hom in die paradys wees nie? Lukas 23:43



En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees. **Lukas 23:43**

**Antwoord:** As ons die komma in die gedeelte hierbo nou net een woord aanskuif van voor die "vandag" na net na die "vandag", lees die sin as volg: "En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou **vandag**, jy sal saam met my in die Paradys wees." **Lukas 23:43**(aangepas) Die probleem is dit: maak nie saak watter vertaling ons van die Bybel lees nie, dit bly 'n vertaling. Maar ek kan nie die Bybel verander nie, en weet nie waar die komma oorspronklik moes wees nie. Die Bybel moet homself verklaar. Jesus is op die Vrydag gekruisig. Hy het op die Sondag opgestaan. Kyk wat lees ons nou in Johannes van die Sondagoggend na Sy opstanding. Op Sondagmôre het Jesus aan Maria gesê, "Raak My nie aan nie, want Ek het **nog nie opgevaar** na my Vader nie." **Johannes 20:17**. Jesus was dus op Sondag oggend steeds op die aarde en het nog nie opgevaar na Sy Vader. Kon hy dus op die Vrydag saam met die man op die ander kruis in die hemel gewees het? Nee, beslis nie. So waar moet die komma wees sodat die res van die Bybel sin maak? Neem ook kennis dat die leestekens in die Bybel nie geïnspireerd is nie, dit is later deur mense bygesit met die vertalings.

Christus se koninkryk word gevestig met Sy wederkoms (**Mattheus 25:31**), en al die regverdiges van al die eeue sal die koninkryk eers dan binnegaan (**1 Thessalonicense 4:15-17**) en nie met hulle dood nie.

### 22. Is daar enige verwysing na 'n onsterflike siel in die Bybel?

Aan die Koning van die eeue, die **onverderflike**, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid. Amen.

**1 Timotheus 1:17**

**Antwoord:** Nee, daar is GEEN verwysing na die onsterflike siel nie. Die Afrikaanse Bybel gebruik die woord "siel" 367 keer, maar nooit die term "onsterflike siel" nie. Die woord onsterflik word net een keer gebruik, en dit is met betrekking tot God. Hy alleen is onsterflik.



**23. Met die dood keer die liggam terug na stof en die gees (of asem) keer terug na God. Maar waar gaan die siel heen?**



"en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het." **Prediker 12:7**

**Antwoord:**

Dit gaan nêrens nie. Intendeel, dit hou op bestaan. Twee dinge moet saamgevoeg word om 'n siel te vorm: liggam en asem. Wanneer die asem weggeneem word, hou die siel op bestaan, want dit is 'n kombinasie van twee dinge. Wanneer jy 'n lig afskakel, waar gaan die lig heen. Dit gaan nêrens nie. Dit hou net op bestaan. Twee dinge moet saamgevoeg word om die lig te maak: 'n gloeilamp en elektrisiteit. Sonder die kombinasie is lig onmoontlik. So met die siel, tensy liggam en asem saamgevoeg is, kan daar nie 'n siel wees nie.

**24. Verduidelik asseblief Johannes 11:26**

"en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie"? **Johannes 11:26**

**Antwoord:** Hierdie verwys nie na die eerste dood, wat almal gaan sterf nie (**Hebeers 9:27**), maar na die tweede dood, wat alleen die onregverdige sterf, en waarvan daar geen opstanding is nie. So die wat in Jesus glo, sal nooit die 2<sup>de</sup> dood sterf nie (**Openbaring 2:11; 21:8**).



**25. Waar kom die idee van die onsterflike siel vandaan en wie verkondig dit?**

Three black and white portraits of women, identified as the Fox sisters. They are shown from the chest up, wearing high-collared dresses. The woman on the left has dark hair and a serious expression. The woman in the middle has dark hair and a slight smile. The woman on the right has dark hair and a serious expression.

*From left Margaretta, Leah and Kate Fox, the originators of modern Spiritualism*

**Die Fox Sisters**





Spiritisme sê dat die afgestorwenes meer weet as die lewendes.  
 "Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;

**Genesis 3:4**

*"In hierdie saak, soos in verskeie ander Bybeltekse, het die duiwel die waarheid blootgelê, en was die Here dwalend en foutief."*

**E.W. Sparague, Spirits**

Spiritisme beweer dat die dode nie dood is nie.

*"Die grondbeginsel van spiritisme is dat die mens die liggamlike dood oorleef, en dat ons by geleenthede, onder omstandighede nie ten volle verstaan nie, met die afgestorwenes kan kommunikeer."*

**J. Arthur Hill, Spiritism: History, Phenomina, and Doctrine, bl 25**

Spiritime beweer dat die afgestorwenes met die lewendes kan kommunikeer.

"Daar is geen dood in die begrafplaas nie. Ek gesels gereeld met afgestorwenes. Ek kan nie betwyfel dat mens steeds lewe na die dood, as ek gereeld met hulle gesels nie."

**Sir Oliver Lodge**

*"Wat spiritualisme is en doen: Dit verwyder alle vrees vir die dood, wat eintlik die portaal is tot die geesteswêreld. Dit leer dat die dood nie die staking van lewe is nie, maar slegs 'n verandering van vorm. Spiritualisme is God se boodskap aan die mens, wat verklaar dat "Daar geen dood is nie." Dat almal wat gesterf het steeds leef. Dat daar hoop is in die hiernamaals vir selfs die sondigstes, dat elke siel deur die eeue sal vorder tot hoogtes, heerlik en glorieryk, waar God liefde is en liefde God is."*

**The Progressive Thinker: 18 Mei, 1929.**

"Die wolk verdwyn en gaan heen—so kom hy nie weer op wat na die doderyk neerdaal nie. Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie, en sy plek sal hom nie meer ken nie. **Job 7:9,10**

"Sy seuns word vereer, maar hy weet dit nie, hulle word verkleineer, maar hy is nie daarvan bewus nie. **Job 14:21**

"want my jare is min en gaan verby, en ek gaan na die plek toe waarvandaan niemand terugkom nie." **Job 16:22**

" 'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel." **Hebreërs 9:27**

"En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie." **Jesaja 8:19,20**

"Moenie hulp soek by geeste of waarsêers nie. Dit sal julle onrein maak. Ek is die Here julle God." **Levitikus 19:31**

Moenie op magtiges vertrou nie, nie op 'n mens nie; hy kan jou nie red nie. Sy asem verlaat hom, hy word weer grond en sy planne is daarmee heen." **Psalms 146:3,4**

## 26. Wat is die hoop vir elkeen van ons?

"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. **Openbaring 21:1**

"En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweens en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

**Openbaring 21:4**



### Ten Slotte – NB !!!

Ek het hierdie studie uit die Bybel saamgestel met die lig tans tot my beskikking. Mense kan hiervan verskil en ek sal graag wil weet van Bybelse bewyse waar ek dalk mag dwaal of verkeerd is. Laat weet my asseblief by onderstaande kontak besonderhede, sodat ons kan saamwerk om die Woord van God en Sy volle waarheid te kan verkondig. Ek glo ook dat daar nie kopiereg op die Woord van God geplaas kan word nie, so dupliseer en versprei hierdie dokument asseblief as u meen dit is Bybels korrek. Bybeltekse aangehaal uit die Afrikaanse 1953 vertaling.

Fanie Fourie	Selfoon	Fax	E-Pos
Posbus 493	072 500 3934	086 573 3934	dievollewaarheid@gmail.com
Christiana, 2680			